TIMOL: GETUIENIS OOR GEHEIME NAME EN TAAL

KOMMUNISTE in Suid-Afrika is aangesê om fotografiese toerusting te koop om foto's te neem wat „lyding uitbeeld wat op ons mense afgedwing is deur ons vyand."

Dit blyk uit een van die dokumente wat by Ahmed Timol gevind is en wat as bewysstuk A 26 by die geregtelike ondersoek na die Indiëraangehoudende se dood ingedien is.

Timol het die opdrag na bewering uit Londen ontvang. Hy was volgens eie erkenning leier van een van die hoofselle van die Kommunisteparty in Suid-Afrika.

Die opdrag oor die foto's gaan verder:

● Foto's moes van „vyandelike installasies — met spesiale klem op lewensbelangrike nywerheids- en militêre installasies" — geneem word.

● Fotografiese toerusting moes ook gebruik word om dokumente te vervals.

Die Kommunisteparty in Suid-Afrika bestaan uit hoofselle en subselle. In die subselle moes daar verkieslik net drie mense wees. Te veel sou 'n te groot risiko meebring.

Aanvanklik moet daar nie direkte verbintenis wees tussen lede van die hoofgroep en enige subsel nie.

As 'n lid van 'n subgroep deur die polisie aangekeer word, moet die hele groep ontbind word.

'n Kodestelsel is volgens die dokument „absoluut noodsaaklik vir die groei van ons organisasie. Dit is noodsaaklik vir kommunikasie tussen lede van hoofgroepe en subeenhede en om 'n stelsel van rekords op te bou. Twee geheime stelsels van kommunikasie is voorgestel en name kon daaraan gegee word soos ‚BABY" en ‚MOTHER" of ‚FATHER"."

Die een stelsel moes net in die spreektaal gebruik word en die ander stelsel sou visueel wees.

In 'n brief gedateer 9/9/1971, bewysstuk N, skryf 'n „vriend en kameraad" aan Timol onder die skuilnaam „International" o.m.: „When are you coming to England? Have Quentin contacted you? Stay far from him. I am suspicious."

(In die hof is deur polisiegetuies beweer dat Quentin 'n verwysing is na Quentin Jacobsen wat onlangs in die terroristeverhoor in Johannesburg verskyn het.)

● Besonderhede oor hoe Timol in Oktober verlede jaar aan sy einde gekom het, verskyn op bl. 9.

● Nota's wat kapt. Gloy van die Veiligheidspolisie afgeneem het terwyl hy vir Timol ondervra het, is ook gister by die hof ingedien. Dié bewysstuk beslaan twee bladsye in kapt. Gloy se eie handskrif. Die res is nie ingelewer nie.

Dié bewysstuk — „R" — lui: „International: Hy is 'n goeie vriend vir 'n aantal jare. Hy is 'n regte losbol sonder vaste heenkome. Het baie vriende en geld dog geen vaste verblyf of werk nie. Woon by familie van twyfelagtige afkoms.

„Hy besoek gereeld Wits en het baie vriende daar. Ken vir Quentin, Martin en Henry. Dikwels saam rondgery. Daar was 'n keer toe hulle saam aan 'n kar laat werk het te Fordsburg. Hulle was saam by Fordsburg.

„Kan nie plek beskryf nie. Gepraat van pappas. Was op partytjie by Pahad se woonstel. Hier was net 'n paar vriende.

„Het gebruik gemaak van sy pa se kar. Het net oor sokker gepraat. Hy is lid van Kynamo Sycids Club en van Syssamo Club. Het gereeld besoek klub afgelê en ken baie n daar.

„Moes klubs, skole en nisasies besoek en aanslu

„Het partytjies bygewo Roodepoort, onbekende Baie mense eienaardig. Ke Saleem, was egter dron kan nie ander gaste o nie."

Volgens Timol was „In nional" 'n vriend met die Ebrahim Essop.



'n Foto van die kantoor op die tiende verdieping van John Vorsterplein waaruit Timol na sy dood geval het. Die oop venster waarna die man op die foto kyk, is die venster waardeur Timol na bewering gespring het. Timol het op stoel B gesit terwyl

and Mrs Timol had told the court regarding the conversation, nor had he seen the affi-

the Deputy Senior Public Prosecutor, Mr J. Kotzé, assisted by Mr A. Mr I. A. Meiring, QC, assisted by Mr C. Nicol, is representing the Timol

DIE TRANSVALER, DONDERDAG 27 APRIL 1972